# Die O.B.

„Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm."

„Ek sal my mede-Afrikaner nooit in die stryd verlaat nie."

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 19 NOVEMBER 1941. No. 2.


## O.B. se „Verkeerdheid" moet tans dien as Grondslag vir Eenheid.

### Dr. Malan se Nas. Komitee op Selfde Beginsel Saamgestel as Groot Raad.

**Te Bloemfontein het dr. D. F. Malan effens verduidelik wat hy met sy Nasionale Komitee bedoel, en van wat hy daar gesê het, kan afgelei word hoe die Nasionale Komitee saamgestel sal moet wees.**

Daar het veral drie dinge duidelik uitgekom:

(1) „Die persone daarin moet almal dieselfde koers hou."

(2) Die volk word „in die hande geplaas" van die komitee, „wat dag na dag besluite namens die volk sal moet neem," d.w.s. die Nasionale Komitee het volmag, soos dr. Malan self 'n endjie verder verduidelik.

(3) Die volk kies nie die komitee nie, maar bekragtig net die samestelling.

Die bedoeling van die komitee is soos dr. Malan self verklaar, om die Afrikanerdom te verenig sodat die einde van die oorlog ons nie verdeeld moet vind nie. Die bedoeling van ons artikel is nie om die voorstel van dr. Malan namens die Ossewabrandwag te verwerp of te aanvaar nie, maar om hierdie voorstel in verband te bring met die stryd teen die Ossewabrandwag.

#### EENHEID WAS DAAR

**Vóór dr. Malan se ultimatum aan die Ossewabrandwag was die nasionaalgesinde Afrikanerdom èèn in die Ossewabrandwag en tot 'n groot mate ook eensgesind binne die Herenigde Nasionale Party. Daar het dus geen gevaar bestaan dat die einde van die oorlog ons as 'n verdeelde Afrikanerdom sou vind nie.**

Maar wat gebeur toe? Instede dat ons so eensgesind binne ons twee fronte (die Ossewabrandwag en die Party) bly om die einde van die oorlog af te wag, **kom dr. Malan met sy ultimatum teen die Ossewabrandwag oor 'n bloot formele aangeleentheid van leierskap.** Dat die stryd deur die politici teen die Ossewabrandwag aangeknoop is om geen ander rede as **leierskap** nie, word bevestig deur dr. Malan se toespraak waar hy die beeld van die ossewa gebruik. **Omdat die volk dan die wakis vir die partyleiers sou gereserveer het, en die Ossewabrandwag kwansuis op die wakis sou wou hê, daarom het die moeilikheid ontstaan.** In dr. Malan se eie woorde lui dit: **„Hy (die Ossewabrandwag) wou nie meer agterryer by die ossewa wees nie, maar het ook geagiteer teen die wat op die wakis sit. HULLE WOU IEMAND ANDERS DAAROP HÊ......"**

#### „ALLEEN"

Die hele stryd met sy gevolglike verdeeldheid onder die Afrikanerdom is dus deur die Partyleiers aangeknoop omdat 'n groot deel van die volk dan „iemand anders" saam met Hulle op die wakis wou hê!

Want let wel, dr. Malan erken self dat die O.B. nie ALLEEN op die wakis wou wees nie, maar sy klag is: **„Hulle wou nie op die wa ALLEEN hê dié wat aan die staatkundige front veg nie."** M.a.w. die Ossewabrandwag sou volgens dr. Malan, ook nog iemand anders saam met die politici op die wakis wou hê, **en hierdie „begeerte" van die Ossewabrandwag was vir dr. Malan genoeg rede om die doodvonnis oor die beweging uit te spreek.**

Die volk sal wel self kan oordeel hoeveel grond daar vir 'n doodvonnis was, selfs al neem ons aan dat dr. Malan se agterdog juis was.

As hierdie vonnis die dood van die Ossewabrandwag en die opwekking van die Party glad soos die opkoms van die son sou meegebring het, dan het die volk geen rede gehad om dr. Malan te erg kwalik te neem oor sy waaghalsigheid nie, want dan het „die einde van die oorlog" ons darem nog as 'n verenigde Afrikanerdom gevind.

**Maar soos almal kon voorspel, het dr. Malan met sy oorlogsverklaring teen die Ossewabrandwag niks anders as stryd en skeuring bereik nie, ja soveel stryd en skeuring dat dr. Malan self moes erken dat „TENSY DIE VOLK SY VERLORE EENHEID SPOEDIG TERUGVIND, SAL SY VURIGSTE HOOP IN ROOK VERDWYN."**

#### VOLMAAKTE SKEURING

Dr. Malan het 'n beroep op sy partyvolgelinge gedoen om sonder versuim uit die Ossewabrandwag te bedank, en terselfdertyd het die partypers en kleinere geskut 'n Krugerdag-offensief teen die beweging van stapel laat loop.

**Die gevolg was 'n volmaakte skeuring binne die geledere van die republikeine — ja so volmaak en daarby so kunsmatig dat Afrikaners wat sedert 1899 in alle krisistydperke nog steeds sy aan sy gestry het, mekaar vandag in bitterheid beveg, en dit oor so 'n nietigheid as die vraag wie almal op die wakis moet sit!**

En nou dat daardie eenheid wat daar was — die grootste wat ons volk nog geken het — **deur die partypolitici en die pers verbreek is, nou kom dr. Malan met 'n voorstel om daardie eenheid weer te herstel.**

Die Ossewabrandwag het van die begin af volgehou dat dit 'n kunsmatige en roekelose verdeling is en daarom het hy aangedring — en doen dit nog — dat die volk in albei die organisasies moet bly, want dan kan ons nie skeur nie. En ook nou nog is die Ossewabrandwag bereid om enige opregte poging te steun wat die skeuring, wat deur die partyleiding veroorsaak is, ongedaan sal maak.

#### MAAR WEER DIESELFDE

Maar laat ons nou die voorgestelde middel tot herstel van die eenheid toets aan die besware wat van partykant aangevoer is om die skeuring te **regverdig.** Ons doen dit nie in die gees van foutvindery nie, **maar alleen om aan te toon hoe nutteloos en ongegrond die hele veldtog teen die Ossewabrandwag was.**

Dr. Malan eis dat die lede van die komitee almal van dieselfde oortuiging moet wees ten opsigte van die toekomstige republiek **en aan die grondslag van die republikeinse konsepgrondwet, wat deur die voorlopige eenheidskomitee aan die partyleier as 'n leidraad toevertrou is, gebonde moet wees.** (Die Burger, 21 Oktober).

**Die Ossewabrandwag het hom so gebonde gevoel aan hierdie konsepgrondwet dat hy dit by wyse van 'n Uniale omsendbrief gepropageer het, maar dit op aandrang van die partyleier weer moes teruggetrek het.**

**Oor hierdie punt hoef daar dus nooit 'n skeuring te gewees het nie.** Die Ossewabrandwag het die konsep-grondwet reeds eenmaal aanvaar, maar omdat hy dit met mening en erns aanvaar het, is hy deur die partyleiding ter dood veroordeel. Nou eis dr. Malan dat die Ossewabrandwag, indien hom ook verteenwoordiging in die komitee gegun word — die konsepgrond-

*Vervolg op bls. 2 kol. 1.*

## Groot Raadslid Geinterneer

### Partyleiding se Aanhitsing Begin nou Vrugte Dra

Die metode van die partypolitici om deur allerhande beskuldigings Ossewabrandwaglede geïnterneer te kry, het reeds rype vrugte afgewerp ondanks die „protesvergaderings" van dieselfde aanhitsers.

'n Week of wat gelede het die partypers 'n berig die wêreld ingestuur as sou ds. D. J. J. de Vos van Durban deur die O.B.-leiding in Natal geskors wees omdat hy hom teen die nasionaal-sosialisme uitgespreek het. Genl. D. P. Eloff, wat met die skorsing van ds. De Vos te doen gehad het en lid van die Groot Raad is, het hierdie bewering ontken en uitdruklik verklaar dat die dominee geskors is weens ontrouheid aan die beweging. **Dit het egter nie verhoed dat genl. Eloff in hegtenis geneem is vir internering nie.**

Aangesien die politici daarin geslaag het om 'n Groot Raadslid van die O.B. agter die doringdraad te kry, hoop ons dat hulle nou sal ophou om die O.B. te verwyt dat daar die afgelope tyd te min O.B.-lede geïnterneer is!

# „Ek Weet Waar Werk Jy!"

## O.B. se „Verkeerdheid"

*Vervolg van bls. 1.*

**wet weer opnuut moet aanvaar sodat die gebroke eenheid herstel kan word!**

**DIE GROOT BESWAAR**

Van Partykant is teen die Ossewabrandwag aangevoer dat sy Groot Raad nie deur die volk gekies word nie, maar dat hy aangestel word met **volmag** en kan doen wat hy wil. **Dit was een van die vernaamste „verkeerdhede" in die Ossewabrandwag wat reggemaak moes word, of so nie moes dien as rede vir bedanking uit die Ossewabrandwag — moes dien as rede om die volk te skeur.**

**As dit 'n beginselsaak was, moes dit standhoudend gewees het — selfs vir so 'n lang tydperk as twee maande, en dan moes dit ook op alle organisasies van toepassing gewees het — selfs op so 'n elastiese organisasie as 'n politieke party.**

Maar nou kom die hoofleier van die Party nadat die volk terwille van daardie „beginsel" geskeur is, **en stel voor 'n komitee wat nie deur die volk gekies word nie, maar net van die volk volmag ontvang om „dag na dag besluite namens die volk te neem." PRESIES DIESELFDE DING AS WAT IN DIE GEVAL VAN DIE OSSEWABRANDWAG AANSTOOT EN REDE VIR BEDANKING GEGEE HET.**

Maar as twee dieselfde doen, is dit glo darem nie dieselfde nie.

**'N VERSKONING?**

Die Ossewabrandwag wil egter nie verwyt nie, en as hierdie voorstel, wat swanger is van „verkeerdhede" wat die Ossewabrandwag se lewe moes gekos het, bedoel is as 'n **erkenning dat die party se aanvalle ongegrond was,** en as 'n sydelingse verskoning vir daardie onverdiende aanvalle, is die Ossewabrandwag bereid om dit terwille van volkseenheid as 'n verskoning te aanvaar en die geskil uit die wêreld te maak. **Maar dan verwag ons dat die daad by die woord gevoeg word, en dat die partyleiers en pers dadelik alle aanvalle op die Ossewabrandwag moet staak.**

**Maar as dit nie so bedoel is nie, dan eis reg en billikheid dat die partyleiding nou ophou om die Ossewabrandwag van „VERKEERDHEDE" te beskuldig wat die partyleier self verkondig as GOED, want as die Ossewabrandwag terwille van daardie „beginsel" GESKEUR is, kan dieselfde beginsel tog immers nie goed genoeg wees om die eenheid te HERSTEL nie! — tensy iemand 'n fout gemaak het, en 'n baie duur fout ook!**


**SKOUBURG**

**Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**

**Saterdag, 22 Nov., om 3 en 8.15 n.m.**

**„QUEEN OF THE YUKON"**

met

CHARLES BICKFORD, IRENE RICH.

**Ook 'n Afrikaanse Voorprogram.**

Plekbespreking — Uniewinkels.

**Onthou elke Saterdag.**



**VLAE**

*Besit U 'n O.B. Vlag?*

Kommando Vlag £1-15-0

Motorvlag 2-6

Fietsvlag 1-3

Kontant met Bestelling.

**„DIE O.B.," Kamer 916, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**


## VRAESTELLERS GEDREIG DEUR PARTYSEKRETARIS

Watter metodes gebruik word om O.B.-gegesinde lede van die Party te intimideer, blyk hieruit dat adv. F. C. Erasmus, sekretaris van die Party, by 'n paar geleenthede al sodanige lede, wanneer hulle hom vrae stel, toegevoeg het: **„Ek weet waar jy werk."**

By geleentheid van sy vergadering verlede week op Bellville, het hy dieselfde woorde gebruik toe 'n lid opstaan om hom te ondervra.

Dit kan niks anders beduie nie as:— „Jy moet oppas, ek sal jou werkgewer gaan vertel, sodat hy met jou kan afreken." As hierdie gevolgtrekking verkeerd is waartoe die gehoor op die vergadering gekom het, **laat die Sekretaris van die Party dan verduidelik wat die plek waar die lid werk, te doen het met sy aanwesigheid en vrae wat hy die sekretaris oor dié se politieke gedragslyn stel.**

***BRANDWAGTE—AANDAG!!!***

**Dit is nie meer as reg om die naam van u blad te noem wanneer u Adverteerders ondersteun nie. Onthou! Advertensie is die polsslag van ons blad, en die adverteerders verwag resultate. Ons doen 'n dringende beroep op u om alleen adverteerders in „Die O.B." te ondersteun en sodoende die reklamewaarde van ons blad op 'n hoë peil te stel.**

## HOLHEID VAN BESKULDIGINGS AAN DIE KAAK GESTEL

„Julle is Nazi's!" het ons van die stigting van die Ossewabrandwag gehoor. Dit is wat die jingo-imperialiste, die voorstanders van die Brits-demokratiese stelsel die O.B. noem. Hierdie propaganda het so ingeslaan ook by Afrikaners dat van hulle vandag papagaai-gewyse ook teen die O.B. te velde trek met dieselfde beskuldiging, en sommige dit al vandag as 'n „geloofsaak" beskou, en andere selfs in die saamgestelde woord: nasionaal-sosialisme, 'n dogma probeer ontdek.

Hoe dit ook al sy en watter sinistêre en onchristelike betekenis vyande van alles wat afwyk van die Brits-liberalistiese demokrasie daaraan ook al mag heg, is dit gegryp as 'n wapen teen die O.B. Die O.B. is alles wat elke voorstander van die Brits-parlementêre partystelsel as kwaad in nasionaal-sosialisme voorgee te sien of dit nou die Duitse, Portugese, Spaanse, of Afrikaanse is, en daardie stokke word gegryp om hom mee te slaan. Sonder hier al die sogenaamde euwels wat daar in die begrip nasionaal-sosialisme sou skuil en dus volgens party-politici ook in die O.B. aan te stip, is daar 'n paar wat hier tog genoem moet word, net om die dwaasheid, of liewer, holheid daarvan aan te dui:

Die militêre grondslag; die oppergesag van die volksleier en die geen-party-stelsel, wat dan kwansuis „vreemd en in stryd is met die Afrikanertradisies."

**SUIWER AFRIKAANS**

**Hy wat die geskiedenis van ons volk ken, weet dat bostaande dinge nie „vreemd en in stryd met die Afrikaner-tradisies" is nie. Dis suiwer Afrikaans.** Dis die hele grondslag waarop die Afrikanervolk se bestaan opgebou en uitgebou was tot 'n selfstandige organiese geheel, die Boere-republiek.

(1) Die Boere-state was opgebou op die grondslag van die **kommando-stelsel.** Die Afrikanervolk het sy eenheid van strewe en aksie gevind in die vorming van kommando's teen die gemeenskaplike vyand, eers in Kaapland en toe verder op die Trek en in die vestiging van die eerste Boere-staat. **Sy burgerlike bestuur het gerus op sy militêre, sy kommando-stelsel.**

(2) Die oppergesag het berus in 'n staatspresident bygestaan deur 'n volksraad, (onder leierskap van die president). **Die party-regeringstelsel is nie erken in die staat nie.**

(3) Die grondbeginsels van die Boere-republieke het o.a. ingesluit: Toegewyde volksdiens van elke burger in elke hoedanigheid, asook diensplig in die weermag. Beskerming teen oorheersing deur diegene wat nie hul volste trou aan die land wil gee nie, en doelbewuste strewe om uiterlike omstandighede te skep waarbinne die volk hom veilig kon voel en tot sy hoogste ontplooiing sou kon kom.

**O.B. SE BELEID**

**Dit is vandag die beleid van die O.B. om daardie staatsvorm en grondbeginsels in die nuwe staat, aangepas by moderne omstandighede en behoeftes, weer verwesenlik te sien, of dit nou strook met die grondbeginsels van wat teenswoordig in ouer Europa as nasionaal-sosialisme bekend staan of nie.** Wat nasionaal in Duitsland of elders is, kan nie nasionaal hier wees nie.

**As hierdie beginsels, die wat ons vaders aanvaar het, vandag in Europa ook aanvaar word, dan verdien die O.B. nie die beskuldiging dat hy 'n „vreemde stelsel" wil invoer nie, eerder moet die beskuldiging teen Europa geslinger word, dat die volke daar 'n stelsel invoer wat aan die Boere-stelsel ontleen is en dit nasionaal-sosialisme noem** — die beginsel van positiewe nasionalisme gegrond op christelik-sosiale grondslag onder beskerming van 'n ware volkstaat met toegewyde nasiediens en leuse: „Ek is my broer se hoeder."

Die hervormings waarvoor die O.B. stry, is die Nasionale en Christelike beginsels omskrywe in sy Omsendbriewe No. 1/41 en No. 2/41, gebaseer op die begrippe van volksregering van die ou Republieke in teenstelling met die s.g. demokratiese stelsel, die parlementêre party-stelsel, en daarby 'n teenhanger van imperialisme en kapitalisme.

## *Nasionaal*

Wat nasionaal in Duitsland is, kan nie nasionaal in Brittanje wees nie. As dit so is, ook nie nasionaal in Afrikanerland wees nie.


**SASBANK**

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

**LENINGS** verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van **SASBANK** fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

***Raadpleeg Sasbank.***

**PAARL:**

Pêrel-Boedelgebou,

Hoofstraat 327, Posbus 266.

**KAAPSTAD:**

Parlementstraat 32, Posbus 2387.

**WORCESTER:**

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

SCHOEMANNELO-DRANK

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Brandwag .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan,* *Stellenbosch.*

# O.B. was Twee Jaar Gelede reeds op Politieke Terrein.

## Beweging het Sedert Dien Nog Nooit van Koers Verander.

Daar word nou beweer dat die O.B. skielik onder leiding van dr. Van Rensburg op sogenaamde ,,politieke terrein'' getree het — en dit nogal na die Bloemfonteinse ooreenkoms en daarom uitgewis moet word!

Ook is beweer dat die O.B. republikeins eers gemaak is deur die Cradockse ooreenkoms. **Baie lank voor die Cradockse ooreenkoms reeds het die Ossewabrandwag 'n grondslag vir 'n Republiek opgestel en uitgegee en is dit aan die Party se sogenaamde krisiskomitee meer as 15 maande gelede met die samesprekings geopenbaar.**

Ter inligting van diegene wat tans mislei **word ,word uittreksels vir vergelyking met die** inhoud van Omsendbrief No. 1/41 en die Eenheidsverklaring wat deur die H.N. Party op 3 Junie ook aanvaar is, hier gepubliseer.

Die stuk onder die opskrif: **Die Boere-Republiek**, gedruk by die Voortrekkerpers, Bpk., is indertyd, ongeveer twee jaar gelede in pamfletvorm versprei. **Let op die volgende wat toe nie as ,,politieke terrein'' deur die Party bestempel was nie en let op die besliste koers daarin aangedui, wat die O.B. sedert sy stigting hou.**

**Dr. Van Rensburg het die O.B. met daardie beleid, koers en aksie kom kry. Hy het geen verandering van beleid en optrede kom invoer nie.** Soos dit was meer as 'n jaar voor sy koms, so is dit vandag nog. Die stuk waarop die O.B. opgebou was, lui o.a. as volg:—

**1. GRONDSLAG:**

(i) Die Boere-Republiek sal op die Christelik-nasionale lewens- en wêreld-beskouing van die Boerevolk berus en sal 'n verdere voortsetting wees van die Republikeinse tradisies van ons volk.

(ii) Die vryheid van godsdiens word aanvaar maar die godsdienstige en sedelike lewe van die Afrikaner sal teen ondermynende praktyke beskerm word **en die selfstandige posisie van die kerk in die volkslewe verseker word.**

(iii) Die propagering van enige staatkundige beleid en die bestaan van enige politieke party wat in stryd is met die vervulling van die Christelik-nasionale lewensroeping van die Boerevolk sal grondwetlik verbied word.

**2. BURGERSKAP:**

(i) Die voorwaardes vir burgerskap sal sodanig gestel word dat suiwer blanke afkoms en diens aan die Afrikaanse volksroeping en inskakeling in die organiese volkslewe 'n eerste vereiste sal wees.

(ii) Diegene wat nie aan die vereistes sal voldoen nie, sal as nie-stemgeregtigde - vreemdelinge of onderdane van die Republiek beskou word en as sodanig sal in hul behoeftes voorsien word.

**3. DIE PRESIDENT:**

(i) **Aan die hoof van die Boere-Republiek sal die President staan wat elke vyf jaar deur die stemgeregtigde burgers gekies word.**

(ii) Al die fundamentele magte van die Republiek sal in die President vir uitoefening gevestig wees.

**4. DIE BURGERRAAD:**

(i) Die President sal die Eerste Burger van die Burgerraad, wat as Uitvoerende Raad van die Republiek optree, aanstel. Met die goedkeuring van die President sal die Eerste Burger die ander lede van die Burgerraad benoem;

(ii) Die President sal die Burgerraad belas met die alledaagse pligte van die Regering;

(iii) Die Burgerraad is vir die uitvoering van sy pligte uitsluitend afhanklik van die vertroue van die President;

(iv) Die Burgerraad sal wetsontwerpe in oorleg met verteenwoordigers van die betrokke beroepe opstel en aan die Volksraad vir goedkeuring voorlê.

**5. DIE VOLKSRAAD:**

(i) Die Volksraad sal met die President en Burgerraad saamwerk vir die vasstelling van die landswette, die finansiële state en begroting goedkeur en die jaarlikse verslae behandel.

**6. DIE BURGERMAG:**

(i) Die President en sy Burgerraad sal 'n Kommandant-generaal as hoof van die Burgermag van die Republiek benoem.

(ii) Die Kommandant-generaal sal bygestaan word deur 'n Kommandoraad wat hy met die goedkeuring van die President en sy Burgerraad sal saamstel.

(iii) Die Kommandant-generaal en sy Kommandoraad sal deur die opbouing van 'n doeltreffende Burgermag die verdediging van die Republiek behartig.

(iv) Die Burgermag sal 'n ware Afrikaanse Volksinstelling met 'n eie inhoud en karakter wees.

**7. ONDERWYS EN OPVOEDING:**

(i) Die inhoud en vorm van die opvoeding en onderwys van die Boere-Republiek sal uitsluitlik bepaal word deur die **Christelik-nasionale lewenstaak van die Boeredom.**

(ii) Vir die opvoeding van afwykende groepe sal afsonderlik voorsiening gemaak word.

(iii) Doeltreffende beheer sal uitgeoefen word oor die pers, die radio, die rolprent, die vermaaklikheidsbedryf en instellinge van volksopvoedkundige aard met die oog op die opbouing van 'n gesonde en skeppende volksgees en die bestryding van alle ondermynende invloede en tendense.

(iv) Die Afrikaanse kultuur sal bevorder en beskerm word teen alles wat dit ondermyn.

**8. DIE VOLKSHUISHOUDING:**

(i) Die volksbodem sal versorg en beskerm word teen uitbuiting.

(ii) Die arbeidskrag van die volk sal versterk en beskerm word teen kapitalistiese uitbuiting. Lonende arbeid sal vir elke burger verseker word.

(iii) Die privaat-inisiatief sal binne die volksverband en in die volksbelang aangewakker en beskerm word teen die georganiseerde geldmag.

(iv) Die volkshuishouding sal in diens van die volkswelstand as geheel gestel en beheer word.

(v) Die boerestand sal sy fundamentele plek in die volkslewe verseker word en die landbou tot die hoogste ontwikkeling bevorder word.

(vi) Die verskillende ekonomiese stande van die volk sal georganiseer word vir selfbestuur en ook vir verteenwoordiging by die staatsbestuur.

(vii) Die lisensiëring vir die handel en nywerheid sal verseker dat alle persone wat bevoeg is tot volksdiens daarin die leiding sal neem.

**9. DIE VOLKSGROEI:**

(i) 'n Gesonde gesinslewe sal opgebou word en die natuurlike aanwas van die volk beskerm word.

(ii) Die immigrasie van assimileerbare Europeane sal aangemoedig word.

(iii) Die volksgesondheid sal deur toereikende mediese dienste en instellinge bevorder word.

(iv) Die gesonde voeding van die volk sal doeltreffend georganiseer word.

(v) Die verarming van die volk sal stopgesit word deur die verhoging van die volkswelvaart.

*Vervolg in kol 1.*

(vi) Die volkseer en volkstrots sal verhoog en beskerm word teen alles wat dit aantas.

**10. BUITELANDSE VERHOUDINGE:**

(i) In die verhouding tot die buiteland sal 'n vriendskaplike selfstandigheidspolitiek gevoer word, met volle aanvaarding van die besondere bestemming van die Afrikanerdom tot die beskerming en uitbreiding van die Christelike beskawing in Afrika.

# Die Nasionale Komitee

Om alle volkskragte in te skakel in die stryd van die Afrikanerdom, is etlike maande gelede op voorstel van dr. Van Rensburg namens die O.B. en saam met die leiers van die ander volksorganisasies 'n Eenheidskomitee aan die Party voorgestel. Dit is gestig met die toetreding van die Party.

Lank het hierdie koördinerende liggaam nie bestaan nie. Eers is daar 'n aanval van Partykant op die leiers van die Reddingsdaadbond en die F.A.K. in die Komitee, en wel in die Paarl van 'n openbare verhoog, deur die Partysekretaris gedoen en as gevolg van agterafse draadtrekkery wat daarop gevolg het, is genoemde organisasies gedwing om uit te tree. Daarop het die Party uitgetree. **Die eerste nasionale komitee is dus verongeluk deur die Partyleiers.**

### TOTIUS SE VOORSTEL

Daarop het weer gevolg 'n voorstel van Totius vir die vorming van 'n nasionale komitee maar hierdie keer een wat weens sy samestelling bokant al die volksorganisasies staan, dus ook bokant die Party en die O.B. **Weer is hierdie voorstel wat ook 'n nasionale komitee beoog, deur die Kommandant-generaal en die Groot Raad goedgekeur.**

Hierdie paar feite dien om aan te toon dat die beginsel van die stigting van 'n beleidaangewende of koördinerende liggaam, wat beleid betref, **nog steeds die goedkeuring van die O.B.-leiding weggedra het.**

Maar wat meer is, toe dr. Malan na hierdie poging met 'n voorstel van 'n Nasionale Komitee gekom het, het die Kommandant-generaal ingewillig om saam met 'n komitee van bemiddelaars dr. Malan te gaan spreek om te verneem wat hy presies beoog met sy voorstel, na hy reeds eers die Eenheidskomitee opsy geskuif en laat verongeluk het, en toe weer die Totius-voorstel vervang het deur sy voorstel.

Hierdie week sou die komitee van bemiddelaars, vergesel van dr. Van Rensburg, dr. Malan probeer spreek het. Wat die resultate sal wees, kan op hierdie oomblik nog nie voorspel word nie. In sy Paarlse toespraak het die Kommandant-generaal in verband met genoemde voorstel die **„versekering gegee dat die O.B. soos altoos, gewillig is om aan elke eerbare en opregte poging om die geskonde Afrikanereenheid te herstel, gehoor sal gee."**

### GEEN BYBEDOELINGS

Dit was nodig na wat sover reeds plaasgevind het en met die oog op die steeds bitterder wordende aanvalle van Party-kant op die O.B. dat die K.G. moes beduie dat dit „eerbare en opregte" pogings moet wees. **M.a.w. dit moet nie met bybedoelings gedoen word net om weer 'n nuwe wapen teen die O.B. in hande te kry nie.** Die Partyleiding moet met 'n praktiese voorstel kom vir 'n Nasionale Komitee waarin daar **samewerking** van die verskillende fronte en nie **oorheersing** kan bestaan nie. Dit moet inderdaad 'n nasionale komitee wees, 'n volkskomitee, met erkenning van die interne selfstandigheid van elkeen van die liggame wat onder sodanige komitee ingeskakel word in diens van die volk. **Dit moet b.v. nie 'n komitee wees wat weens sy samestelling net 'n verheerlikte party-komitee is nie.** Soiets is seker nie nodig nie, daar die Party reeds 'n Federale Raad vanself besit. En word die voorgestelde Nasionale Komitee so saamgestel dat dit 'n breër liggaam is as die Federale Raad of Hoofbestuur van 'n Party, en volksbeleidaangewend gemaak, **volg dit tog vanself dat ander volksorganisasies daarin min of meer gelyke verteenwoordiging moet hê en hul interne selfstandigheid erken en behoue bly.** Dan alleen kan dit 'n ware Nasionale Komitee wees wat alle terreine van die volkslewe dek. As dit nie die geval is nie, dan bly die verskillende fronte in die volkstryd onsaamgesnoer. Want hoe mens ook al redeneer, bly daar verskillende fronte en kan nie een front, en allermins 'n party-front, alle fronte dek nie.

### NIE ALLEEN NIE

Om dan die voorgestelde Nasionale Komitee te kan aanvaar, moet daar sekerheid wees wat bogenoemde sake betref, en moet daar werklik ware eenheid bewerkstellig kan word en dan as gevolg daarvan 'n algemene volksleier aangewys word. **Een van die organisasies alleen kan dit nie doen nie.**

Te oordeel na die onverbiddelike stryd, die aanklagte teen die O.B. by die Regering nl. dat hy „bloed" en „rebellie" nastrewe, wat nie 'n vrugtelose aansporing van die Regering tot internering van mede-Afrikaners blyk te wees nie, is daar seker geen bewys van goeie trou van die kant van die Partyleiding hoegenaamd gelewer nie.

**Teen die venynige aanvalle in wil hulle hê moet die O.B. kruip en soebat om oor die s.g. aanbod van 'n Nasionale Komitee met hulle en hulle as sy verklaarde vyand, te kom gesels.**

Vyand? ja, vyand **want wat die United Party en sy regering nog nie reg gekry het om die O.B. skade te berokken nie, kry die H.N. Party-leiers reg — selfs om die interneringsbeleid te verskerp!** En intussen gaan hul veldtog teen die O.B. voort.

Wat kan die volk nou van 'n eensydig saamgestelde Nasionale Komitee verwag wie se kopstukke die volk skeur, die O.B., die Reddingsdaadbond en F.A.K. probeer vernietig en die Party self verdeel? Hoe kan daar 'n Nasionale Komitee wees wat namens die hele volk kan praat met 'n verskeurde Afrikanerdom? Hierdie vrae moet eers beantwoord en bewys gelewer word van 'n veel beter gesindheid en behartiging van die belange van die hele Afrikanerdom voor die O.B. of enige ander volksorganisasie hom kan bind aan 'n komitee.

**Hulle wat die stryd aangebind het, moet dit eers ontbind.**

# Deel van ons Erfporsie, sê Engelssprekende

## Maar Afrikaners Sê O.B. Strewe na Uitheemse Stelsel

**Waar die Ossewabrandwag vandag deur mede-Afrikaners beskuldig word dat hy die uitheemse doelstellings daarop nahou wanneer hy die huidige demokratiese stelsel veroordeel, is dit belangwekkend om te weet wat 'n Engelssprekende se mening in dié verband is.**

**In sy pas verskene boek „There are no South Africans," skryf mnr. G. H. Calpin, redakteur van „The Natal Witness," o.a. as volg: —**

(Bls. 289). „Deur die Engelssprekendes van die eerste af met suspisie bejeen, word die Ossewabrandwag nou beskou as ondermynend en 'n gevaar vir die staat, streng gekant teen die oorlog, en bereid om die Regering omver te gooi deur konstitusionele metodes of andersins. Die politieke filosofie van die O.B. is nog nooit duidelik uiteengesit nie, miskien omdat hy nog steeds volhou dat hy nie 'n politieke organisasie is nie. Sy doel in breë lyne is egter duidelik.

„Sy leiers hou vol dat die liberale-kapitalistiese demokratiese orde 'n Brits-Joodse skepping is wat vreemd van die Afrikaner se lewensbeskouing is. IN HIERDIE OPSIG HET DIE AFRIKANER HITLER VOORUIT GELOOP MET MEER AS 'N HALWE EEU. 'n Eenparty-stelsel was 'n kenmerk van die Boere-Republieke. Hiernatoe wil hy terugkeer om die staat te bevry van wat hy noem uitheemse en on-nasionale elemente — die liberale pers, die beheer van groot besigheid, georganiseerde Jodedom. Hierdie doelstellings vorm ook die grondbeginsels van Nazisme, **alhoewel hulle terselfdertyd by uitstek Afrikaans is, en in hierdie land aanwesig was voordat Nazisme van gehoor is."**

(Bls. 306). „Wat ons in Suid-Afrika moet erken, is dat al sy ‚ondergrondse' elemente nie ‚ondraagbaarhede van buite af ingevoer' is nie. Daar is so 'n ding soos Suid-Afrikaanse Nazisme en Suid-Afrikaanse Fascisme, wat, alhoewel dit inspirasie skep uit die omwenteling in Europa, **nogtans 'n Suid-Afrikaanse produk is—die opstand teen die ongelyke verdeling van mag en rykdom.**

**„Die terme Nazisme en Fascisme is nie te vind in die taal van die Trekboer en Grensboer nie, maar daardie vroeë gemeenskap het die grondbeginsels van altwee geken, en dit is nog deel van die erfporsie van die Afrikaner."**

---

### INTEKENING OP „DIE O.B."

**Nie-lede van die Ossewabrandwag kan inteken op die blad: —**

**(1) Deur hul naam en adres in te handig by die naaste Kommandant. Die intekengeld is 5/- per jaar welke bedrag die inhandiging van die naam moet vergesel.**

**(2) Deur die naam en adres aan adv. J. de Vos, Groote Kerk-gebou 916, Adderleystraat, Kaapstad, te stuur. Intekengeld is dan 7/6 per jaar. Die nodige bedrag moet die bestelling vergesel.**

**„DIE O.B." word weekliks regstreeks aan die adresse gepos.**

---

### WIE HULLE BESKULDIG

„Maar die Afrikaner wat geïnterneer word, weet nie wie hom beskuldig of waarvan nie." Hierdie woorde van protes is deur dr. Malan in Pretoria gebesig teen die internering van Afrikaners.

Die Afrikaners wat vandag geïnterneer word, weet egter baie goed wie hulle beskuldig: **dit is dr. Malan en ander partyleiers.** Hulle weet ook waarvan hulle beskuldig word: **dat hulle deur rebellie 'n republiek sou wil bewerkstellig.**

Op Vryheid het dr. Malan nog weer gesê: „Daar word daagliks gepraat van rebellie of 'n staatsgreep of een of ander vorm van geweldpleging **en die leiding van die O.B. kan nie skuld ontken dat hy in sekere mate verantwoordelik is vir daardie indruk nie."** (Die Burger, 18 Oktober).

### WATTER WEG IS NOU REG?

Dr. Malan verklaar op 6 November jl. in Pretoria: „Wanneer die republiek kom, sal dit wees omdat in die verlede gestry, gely en gesterf is."

Maar op Vryheid verklaar hy op 17 Oktober: „Daar word daagliks gepraat van 'n rebellie of 'n staatsgreep of een of ander vorm van geweldpleging.... Maar vir sover dit Suid-Afrika betref, is die vraag of dit die weg is wat ingeslaan sal moet word om 'n republiek te verkry. **My besliste mening is dat dit nie die aangewese weg is nie."**

---

### NOG ALTYD WAAR

**„Ek het altyd gevoel dat deur slegs 'n politieke stryd, ons nie ons volk kan red nie — daar moet 'n algemene volksorganisasie wees. Die O.B. vervul daardie behoefte."**

Dit is wat dr. Malan in Februarie te Winburg verklaar het. Daarby het hy gevoeg: „Hy kon geen beter leier gekies het nie, as dr. J. F. J. van Rensburg."

Waarheid bly waarheid, onder alle omstandighede.

# Oorlogverklaarders speel tans die Rol van Martelaars

## Politici wou Ossewabrandwag Vernietig om Besieling vir Party te Kry

**In hul wanhoopstryd teen die Ossewabrandwag beskuldig die partypolitici die beweging tans dat hy die Herenigde Party sou aanval. Hul argumente wat die doodvonnis oor die O.B. moet regverdig, is so onbeholpe en ongegrond dat hierdie eenheidstrewers nou blykbaar met behulp van Hollywoodse ondervinding die rol van martelaar speel.**

Volgens hierdie mense moes daar dan glo 'n hele boel drukfoute die afgelope tyd in die pers voorgekom het. Die vernaamste drukfout sou dan wees dat dr. Malan nie die leier van die Herenigde Party is nie, maar dr. Van Rensburg en dat dit nie dr. Malan was wat op 27 Augustus 'n ultimatum aan die Ossewabrandwag gerig het nie, maar eintlik dr. Van Rensburg wat dit op daardie datum en plek aan die Party gerig het!

Wanneer twee mense handgemeen is, is dit vir enige buitestander moeilik om vas te stel wie die aanvaller en wie die aangevalde is **tensy hy kan bepaal wie die eerste hou geslaan het.** In hierdie stryd gebruik die politici nou die stof wat in die loop van die geveg opgeskop is as rookskerm waaragter hulle hul aanvalle op die O.B. verberg, maar die skuldige kan maklik aangewys word deur navraag te doen na wie die eerste hou geslaan het.

**DIE GESKILPUNT**

In sy oorsig van die geskil tussen die twee liggame het dr. Malan onlangs in Bloemfontein verduidelik dat die moeilikheid ontstaan het **omdat die volk die partyleiers op die wakis sou geplaas het, en dat daar toe van die kant van die Ossewabrandwag op die wakis geskiet is omdat die O.B. dan ook iemand anders saam met die politici op die wakis wou hê.**

Die hele moeilikheid het sy ontstaan dus daarin dat daar op die wakis geskiet is, volgens die leier van die Party. En nou moet goed verstaan word dat dr. Malan met wakis nie die **Party as sodanig bedoel** nie, maar die **leiersposisie** wat dan aan die Partyleiers sou toegeken gewees het. **Die hele stryd gaan dus oor niks anders as leierskap nie.**

Dit is nodig om hierdie feit te beklemtoon, want afgesien daarvan dat die volk reeds by herhaling hom uitgespreek het teen sy verskeuring oor so 'n nietigheid as leierskap, openbaar dit ook die **motief** wat agter die stryd sit en by wie daardie motief aanwesig is.

**EERSTE MOEILIKHEID**

Die eerste wrywing tussen die O.B. en die partyleiding het, volgens prof. Du Plessis se verklaring, ontstaan toe die Partyleiding terwille van selfhandhawing omstreeks Mei hierdie jaar met 'n reorganisasieplan te voorskyn gekom het **wat op die model van die O.B. ingerig was.**

Ondanks die feit dat tagtig generaals van die Ossewabrandwag met één teenstem hulle teen die reorganisasieplan van die Party uitgespreek het, **het die O.B. hom uiteindelik neergelê by die Party se optrede omdat hy die eenheid van die Afrikanervolk hoër geag het as die beskerming van sy eie stelsel.**

**Hiervan het die volk nooit in die koerante gelees nie. Die O.B. het dit binne vier mure bespreek, en binne vier mure laat rus.**

Maar toe die O.B. 'n paar weke daarna weens misverstand by dr. Malan te veel besonderhede uit 'n republikeinse konsep-grondwet propageer wat deur die Eenheidskomitee aan die partyleier toevertrou is vir gebruik, **het dr. Malan daarin genoeg rede gevind om 'n ultimatum — 'n voorwaardelike oorlogsverklaring — aan die O.B. te rig.** Hierdie oorlogsverklaring wat op Stellenbosch vanaf 'n openbare verhoog gelos is, het gepaard gegaan met 'n toespraak wat kolomme in die koerante beslaan het, **en waarin dr. Malan 'n aanval op die O.B. en sy leiers gedoen het wat van so 'n omvang en heftigheid was dat dit eintlik pyn aangedoen het om te dink dat hierdie skitterende betoog sy grond moes vind in die kleinlike geskilpunt van „jy ploeg met 'n ander man se kalf!" — die geleende kalf.**

**OOR BESITSREG!**

**Oor die eiendomsreg van 'n voorwaardelike geskenk is die getwis begin en is die eerste houe geslaan deur die partyleier.** Maar nou verneem ons dat dit eintlik die O.B. was wat die Party aangeval het!

Het die Ossewabrandwag toe teruggeslaan soos hy heeltemal tereg kon gedoen het volgens die maatstaf van politieke partye? **Nee, hy het voldoen aan die eise van die ultimatum en sy omsendbrief teruggetrek ondanks die feit dat dr. Malan die O.B.-leiding beskuldig dat hy 'n vreemde stelsel nastrewe en daardie omsendbrief juis die onwaarheid van daardie bewering aan die kaak stel.** Maar ook hier het die O.B. Afrikanereenheid gestel bo sy eie belange.

Inmiddels het die partypers en politieke demagoë 'n veldtog teen die O.B. geloods wat die Afrikaner as dit selfs teen 'n volksvyand gemunt was, nie eer aan sou gedoen het nie. Die O.B. en sy leiding is die gemeenste motiewe toegedig. Die Kommandant-generaal sou dan met veldmaarskalk Smuts skakel, maar terselfdertyd ook 'n Duitse Nasionaal-sosialis wees. Fluisterveldtogte is teen die O.B. optou gesit en van politieke verhoë af **is deur partyleiers verkondig dat die O.B. se lede nou te min geïnterneer word, en dat die beweging daarom 'n vriend moet wees van die Regering — en dit ondanks die feit dat die Party se voormanne nog almal buite die interneringskampe in vryheid beweeg, indien so iets as maatstaf vir vriendskap moet geld.**

**LEIER SE OFFENSIEF**

Daarby het dit nie gebly nie. Dr. Malan het 'n kruistog van die weste tot die ooste uitgevoer **en die een bittere en persoonlike aanval na die ander teen die O.B. en sy leiers gedoen.** Van dr. Van Rensburg het hy gesê dat hy nooit lid van die Nasionale Party was nie — 'n bewering wat soos mis in die son verdamp voor die harde feite van die werklikheid. Hierdie persoonlike aanval van die kant van die leier van die Party teen die leier van die O.B. is gedoen **ondanks die feit dat die O.B. nooit gebruik gemaak het van die feit dat dr. Malan nie lid van die Ossewabrandwag was nie.**

# Skeurders van O.B. Begin ook Party Opbreek

Nasionale Party-lede word nou uit die Party geskop op bevel van adv. F. C. Erasmus en ander salaristrekkende amptenare van die Party.

Op Bellville het adv. Erasmus, die hoofsekretaris van die Party, dus die man wat namens die Party-leiding praat, volgens verslag in Die Burger **gedreig om almal uit te skop wat nie sy beleid volg om teen die O.B. te veg nie.**

Aan die Rand is mnr. T. J. Roets, hoofkommandant van die O.B. in Mayfair, reeds deur die afdelingsbestuur van die Herenigde Nas. Party geskors as lid van die Party omdat hy by geleentheid van vergaderings op Linden en Crosby nie vir die mosie van die Party gestem het nie.

So word die Party nou ook opgebreek. Eenkant dryf hy en die Party-leiers die Afrikaners om te bedank vir die O.B. en aan die anderkant skop hulle Partylede ook uit.

**So handel die mense wat voorgee dat hulle eenheid wil hê, eenheid deur die Party op te breek en die O.B.!** Hulle bewerkstellig 'n verskeurde Party en 'n verskeurde volk. Volgens hierdie beleid sal eenheid alleen verkry kan word as net een oorbly — adv. Erasmus.

---

Op hierdie toer van hom het dr. Malan die volk so opgesweep teen die O.B. dat sy eie vergaderings op sommige plekke, soos op Kuruman, aan hom op beleefde wyse te kenne gegee het dat hulle nie met sy skeurplanne gediend is nie!

Maar volgens die bewering van die politici vandag, was dit glo eintlik dr. Van Rensburg wat van Kuruman tot in Mosselbaai aanvalle teen die Party geloods het, en dr. Malan en die Partyleiers wat die volk tot kalmte en eensgesindheid gemaan het.

**BEDANK!**

Op elke vergadering wat hy gehou het, het dr. Malan gesê: **My advies aan julle is om te bedank, indien julle nie kan regmaak wat verkeerd is in die Ossewabrandwag nie, en ek weet nie hoe julle dit kan reg kry nie."**

Nou moet die volk verneem dat hierdie tragiese advies eintlik van dr. Van Rensburg afkomstig was en betrekking gehad het op die Party!

Toe die partypolitici egter merk dat hierdie aanvalle op die O.B. niks uitvoer nie, het hulle gekom met die laakbaarste van alle strydmetodes. **Hulle het die Ossewabrandwag voor die Regering aangekla dat hy op 'n rebellie afstuur en 'n republiek met bloed en geweld wil bewerkstellig! Hoor wat sê dr. Malan op Vryheid: „Daar word daagliks gepraat van rebellie of 'n staatsgreep of die een of ander vorm van geweldpleging en die leiding van die O.B. kan nie skuld ontken dat hy in sekere mate verantwoordelik is vir daardie indruk nie."**

*Vervolg op bls. 6 kol. 3.*


# BRANDWAGTE!

## KEN U MEDE-AFRIKANER OP PAD

DEUR HIERDIE KENTEKEN — DIE SLEUTEL TOT GEMOEDELIKE VERKEER EN KAMERAADSKAP

DIE EERSTE EN ENIGSTE AFRIKANER-EIE MOTORKLUB WAARBY ALREEDS MEER DAN 6000 AFRIKANER-MOTOREIENAARS AANGESLUIT HET. VIR DIE GERINGE BEDRAGGIE VAN £1 JAARGELD ONTVANG U DIE VOLGENDE:

*Gratis Sleepdiens; Goedkoper Motorversekering; Gratis Regsadvies; Pad- en Roetekaarte; Snelle Afleweringsdiens van enige soort Motortoebehore en Orige Dele teen Groothandelspryse, en nog Talle Ander Dienste en Voordele.* **SLUIT NOU AAN!**

Voortrekker Motorklub Beperk, Groote Kerk Gebou, Kaapstad.

# Totius se Voorstel vir Eenheid.

### DEUR OSSEWABRANDWAG REEDS AANVAAR

Die volksdigter Totius (prof. dr. J. D. du Toit), wat die eenheidseed by Monumentkoppie op 9 September 1939 afgeneem en kort gelede 'n roerende beroep op eenheid in die pers gedoen het, het 'n paar weke gelede met 'n voorstel gekom om die geskonde Afrikanereenheid te herstel. Hy het dit aan die Groot Raad van die Ossewa-Brandwag voorgelê sowel as aan dr. D. F. Malan as leier van die Herenigde Party.

Die volk het egter nog nie dr. Malan se antwoord verneem nie.

Nog voor dr. Malan met sy voorstel gekom het vir 'n Nasionale politieke raad, is die Totius-voorstel deur die Groot Raad aanvaar, nl.:

1. 'n Volksraad wat bestaan uit persone deur die verskillende volksorganisasies aangewys.
2. Aanwysing van 'n algemene volksleier, met leierskap-in-rade. Die raad sal wees die verteenwoordigers van die organisasies.
3. Dr. Malan te versoek om die volksleierskap te aanvaar.
4. Die H. N. Party, wie se leier dan die volksleier van die gekoördineerde volksorganisasies word, te versoek 'n leier te kies wat saam met die leiers van al die ander organisasies onder die hoofleierskap van dr. Malan staan.
5. Interne selfstandigheid van elkeen van die gekoördineerde liggame te verseker.
6. Perskontrole deur die Beleidsraad.

Hierdie voorstel wat deur die Groot Raad aanvaar is, is aan dr. Malan deur Totius oorgebring.

# Dr. Malan kom met Nuwe Aantygings teen die O.B.

## Bring ook Beskuldigings in teen Duitsland.

**In Die Vaderland van 10 deser verskyn 'n berig van 'n onderhoud wat die blad gehad het met 'n vooraanstaande lid van die Transvaalse Hoofbestuur van die Herenigde Nas. Party oor dr. Malan se toespraak in die jongste vergadering van die hoofbestuur, en waaruit laasgenoemde se vyandige houding teenoor die O.B. geopenbaar word. Die berig lui as volg: —**

Uit wat die hoofbestuurslid ons meegedeel het, blyk ook tewens wat dr. Malan met die Nasionale Komitee-plan in die skild voer.

Volgens ons segsman het dr. Malan, toe deur mnr. Tom Naudé voorgestel is dat hy, met die oog op die samestelling van die Nasionale Komitee met die verskillende republikeinsgesinde organisasies moet ,,onderhandel," **beslis geweier ,,omdat daar dan deur dergelike liggame aan hom voorwaardes en eise gestel sal word wat net tot verwarring sal lei."** Hy het ook te kenne gegee dat hy ,,geskikte" persone op so 'n komitee wil hê ,,wat ook in die grond van die saak van een beskouing is. Anders kry jy krisis op krisis soos die Paktregering gehad het."

Kenmerkend van dr. Malan se uitlatings op die vergadering was die openlike vyandigheid en wantroue wat dr. Malan deurgaans tenoor dr. Van Rensburg en die Ossewabrandwag aan die dag gelê het.

### ,,DUITSLAND SE SPEL!"

Volgens die hoofbestuurslid het hy onder meer verklaar dat Duitsland in Suid-Afrika 'n opstand wil sien en ,,dat Duitsland se spel is om deur 'n hand van vriendskap na Suid-Afrika uit te steek, soveel moontlik verwarring te skep in die Afrikaner-geledere." Duitsland sou, volgens dr. Malan, in die eerste plek soos enige oorlogvoerende land, graag 'n opstand in die land sien om ons militêr teenoor hom te verswak. In hierdie verband volg Duitsland dieselfde metode as wat genl. Smuts teenoor die Nasionale Party toegepas het toe hy ons in die oorlog wou sleep, het dr. Malan gesê.

Volgens die hoofbestuurslid het dr. Malan op die vergadering verklaar dat dr. Van Rensburg vertroulik en in die openbaar 'n opstand as 'n dwaasheid afkeur. Andersyds bestaan daar 'n binne-organisasie van die Ossewabrandwag wat op 'n rebellie afstuur.

,,Oorspronklik was die Ossewabrandwag volgens sy konstitusie en soos ons hom geken het 'n onskuldige en nuttige organisasie, maar in sy optrede onder die teenswoordige leiding het hy glad iets anders geword," het dr. Malan verklaar en onder meer beweer dat 'n binnekring van die Ossewabrandwag verantwoordelik was vir die aanplak van kommunistiese biljette onmiddellik ná Duitsland se inval in Rusland. Volgens dr. Malan het hulle dit gedoen met die doel om die indruk te wek dat Suid-Afrika op die rand is van 'n kommunistiese rewolusie en dat daar net een manier sou wees om dit te keer, naamlik deur die aanvaarding van nasionaal-sosialisme.

Dr. Malan het dr. Van Rensburg op die hoofbestuursvergadering in so 'n politieke lig voorgestel dat mnr. Jan Grobler, L.V., protesterend in die vergadering die opmering gemaak het dat dr. Malan vir dr. Van Rensburg as 'n ,,skurk" uitgemaak het.

---

*Vervolg van bls. 5.*

Maar ook hierdie laakbaarste van alle aanvalle op 'n republikeinse organisasie moet glo nou eintlik 'n drukfout wees, want die politici beweer dat dit die O.B. is wat die Party aanval!

### DIE HOOGTEPUNT

Nadat die gemoedere van die volk tot 'n hoogtepunt gaande gemaak is teen die Ossewabrandwag, het dr. Malan die kroon op alles geplaas **deur sy volgelinge ,,dringend" te versoek om uit die O.B. te bedank,** en hy sluit sy veldtog af met die versekering **dat dit nou nie meer saak maak of daar 'n Ossewabrandwag is nie, want die Party het die stelsel van die O.B. oorgeneem:** ,,Dit kom hierop neer," het sy woorde in die slotparagraaf gelui, **,,dat ons nuwe partyorganisasie met sy groepstelsel en met sy meer verantwoordelike leierskap in opgaande range hom uitstekend leen tot die nodige aksie......"**

En dan het hierdie mense nog die moed om te praat van aanvalle op en ondermyning van die Party deur die Ossewabrandwag! **Die O.B. is nie alleen aangeval en ondermyn nie, maar sy stelsel is hom, ondanks protes, ontneem sodat die Party met nuwe geesdrif besiel kan word,** want dr. Malan spreek sy voldaanheid oor wat hy bereik het, as volg uit: **,,Deur beleid en aksie met mekaar te verbind, sal die party met nuwe geesdrif besiel word...."**

Die O.B. moes die aksiefront van die Party word, of so nie doodgemaak word sodat die partyleiding sy eie aksiefront kon stig **om daarmee nuwe geesdrif vir 'n party — hierdie sterwende produk van die liberalistiese demokrasie — in te blaas!**

Maar aan die volk word nou vertel dit is eintlik die Ossewabrandwag wat die ,,Afrikanerdom se Party" aanval! En dit ondanks Die Transvaler van 9 Oktober self 'n aanval op die O.B. erken waar hy sê: **,,Die H.N.P. se offensief begin môre op Standerton."**

Die Partyleiding los 'n Krugerdag-offensief teen die O.B., en kondig dit in die pers aan, maar intussen doen hulle hulself as martelaars voor wat **aangeval word.**

**Die Voortrekker-Skoenhospitaal**

Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.

*Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad*

*AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!*

*FOON 3-0164*

*Langstraat 303, Kaapstad*

*DEFTIGE DAMES DRA DAGBREEK-KARTELS*

Skakel 2-5662

DAGBREEK — DAMES - HAREVERSORGING SALON DOMINION-GEBOU

Langmarkstraat 141, KAAPSTAD.

DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*

*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# O.B. se Standpunt Verduidelik teenoor Volksorganisasies

## Wil Geen Politieke Party Wees.

Die beleid en standpunt van die Ossewabrandwag ten opsigte van die volk en dus ook van ander volksorganisasies, insluitende die H.N. Party het nog nooit verander nie. Dit kan kortliks as volg gestel word:—

(1) Die O.B., as 'n positiewe republikeinse volksbeweging, is **geen politieke party** en wil geensins hoegenaamd die funksies van 'n party oorneem nie, o.a. soos die voering van eleksies, parlementêre optrede en opstelling en uitvoering van party-programme van aksie insake politieke vraagstukke van die dag.

(2) Die O.B. was en is nog altyd bereid om sy daadwerklike steun en medewerking te verleen aan enige Parlementêre of ander politieke optrede wat die beginsels vervat in die Eenheidsverklaring soos deur die Eenheidskomitee gepubliseer, aanvaar en nastrewe.

### DIE GODLOËNAARS!

Die O.B., aldus 'n sekere politikus, sit sy deure oop vir „godloënaars.''

In die O.B.-eed wat elke lid voor die Almagtige aflê, sweer hy trou aan God en die Kerk van die vadere. Maar die party-leiers en pers stuur bevele uit dat O.B.-lede moet bedank, m.a.w. daardie eed breek!

So redeneer sekere politici: Hy wat die kommando's beveel hul eed te handhaaf en om saam te bid, en hulle te verootmoedig, is 'n godloënaar, en hy wat daarteen beswaar maak en mense vra om hul eed te breek, is 'n godsman!

(3) Saam te werk en samewerking te bly soek met die republikeinsgesinde party-politieke front van die Afrikanerdom en te werk met enig sodanige organisasie in die opbouing van 'n gemeenskaplike volksbeleid op die grondslag van positiewe nasionalisme gegrond op Christelik-sosiale beginsels.

(4) Vir die verwesenliking van die volksideale en uitlewing van hierdie beginsels word die funksies en take van die verskillende fronte in die stryd van die Afrikanerdom erken en op grond daarvan moet die interne selfstandigheid van die verskillende volksorganisasies eerbiedig word ten einde die volle en welwillende medewerking van almal te verkry in die opbouwerk van die toekoms.

#### BESTAANSREG

(5) Die O.B. erken die noodsaaklikheid van bestaan van verskillende volksorganisasies en hul verskillende vorms van aksie, wyse van optrede en metodes van strydvoering as ontbeerlike bydrae wat gelewer moet word tot die verwesenliking van 'n afsonderlike nasionale bestemming van die Afrikanerdom en die vestiging van 'n selfstandige Afrikaanse magsorganisasie, nl. die Republiek.

(6) Op die grondslag van bogenoemde standpunt weier die O.B. om volksgenote voor die keuse te stel tussen lidmaatskap van die een of ander saamwerkende volksorganisasie in die stryd vir die Republiek.

(7) Die O.B. strewe na Afrikanereenheid **bokant party-formasies,** na eenheid **wat die hele volk omvattend beliggaam in 'n magtige en deurslaggewende volksbeweging,** waarby alle eenhede van die volkskrag doeltreffend ingeskakel word wat tothiertoe verwaarloos was, o.a. soos vroue, jongmense, arbeiders en ander minderbevoorregtes.

(8) Die O.B. wil sy roeping as draer van die Christelik-Nasionale Afrikaneridee vervul en met alle middele tot sy beskikking bevorder, o.a. deur die dissiplinering van die volk en mobilisasie van die ganse leër van die Afrikanerdom.

### DIE EINTLIKE OORSAAK

„Die eintlike oorsaak van die moeilikhede," verklaar prof. L. J. du Plessis, hoogleraar in staatsleer aan die P.U.K., „sit egter dieper, nl. in 'n omwenteling in ons volksgees, wat opstreef uit die ou meganistiese liberalisme van die Party-wese na 'n nuwe organiese solidarisme **wat wesentlik Calvinisties is en slegs skynbaar nasionaal-sosialisties.**

„Die huidige stryd het aan die Afrikanersaak al onberekenbare skade gedoen en dreig om die Party te laat ontaard tot 'n tiranniese dwingeland oor alle volkskragte in die pretensie dat hy self alleen die toekomstige staat verteenwoordig......"

### NOG ALTYD WAAR

Met die keuse van dr. J. F. J. van Rensburg as Kommandant-generaal, het dr. Malan op 4 Januarie 1941 (4 dae voor die Winburgse tussenverkiesing) die O.B. gelukgewens en gesê: „Hy kan geen beter leier gekies het nie. Ek het altyd gevoel dat deur slegs 'n politieke stryd, ons nie ons volk kan red nie. Daar moet 'n algemene volksorganisasie wees. Die O.B. vervul daardie behoefte......"

(Die O.B. het nie verander nie, ook nie dr. Van Rensburg nie. Sien artikel elders).


**O.B.-SKRYFBLOKKE**
Blou met bypassende Koeverte
2/6 posvry.
Bestel by:
DIE BURGERBOEKHANDEL,
Posbus 692, KAAPSTAD.

Langstraat 301
KRUIDENIERS-
GROENTE en
VRUGTE
Handelaars
Afrikana Voorsieners
'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID
Foon 3-1393
KAAPSTAD

**S. J. KRYNAUW**
Algemene Handelaar en Produkte Koper.
Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke
Mans en Dames Skoene
Kruideniersware teen die billikste pryse
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer
H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,
Foon 68 — Posbus 54
BEAUFORT-WES

GRAFSTENE, MONUMENTE ens. van die
**S.A. MONUMENTE WERKE**
Is 'n permanente en mooi uiting van liefde en toewyding.
Skryf Posbus 2 of bel 5-2823,
VOORTREKKER-WEG, MAITLAND.

AFRIKANER LOSIESHUIS bied losies aan vir goeie Afrikaners. Persoonlike sorg en eersteklas bediening. Naby Volkshospitaal en midde-stad. Hofmeyrstraat 8, Tuine, Kaapstad.

**KERSFEESKAARTE!**
Met Die Ossewabrandwag-wapen in Kleure
4/6 Per dosyn Posvry
Kontant met Bestelling
Bestel onmiddellik — Ons Beskik oor 'n Beperkte Voorraad.
„DIE O.B." Kamer 916 — Groote Kerk-gebou,
KAAPSTAD

HET U AL 'N VRYE KOPIE
van
„DIE VERHAAL VAN SUID-AFRIKA SE EERSTE HELPMEKAAR"
so nie skryf aan
**DIE OU MUTUAL**
Posbus 66, Kaapstad,
of enige TAKKANTOOR.
Noem „Die O.B."

# „L.V.'s Moet Wegbly van Parlement".

## PREDIKANT SÊ POLITIEKE WEG HET DOODGELOOP

In 'n brief aan Die Transvaler van 1 November skryf ds. J. V. Coetzee van Potchefstroom dat die stigting van 'n Nasionale Komitee, soos deur dr. Malan voorgestel, vergesel moet gaan van 'n verdere stap om dit van betekenis te maak. Hy verklaar:

Hierdie tweede stap is dit: dat die Afrikanervolk besluit om absoluut niks meer te doen te hê met die „King's Parliament" en die „King's Government" in Suid-Afrika op die oomblik wanneer die Nasionale Komitee in die lewe geroep word nie.

Vanaf 1902 het die Afrikanervolk die politieke weg gevolg om herstel van sy geskonde regte te kry. **Die politieke weg is die weg van onderhandeling, kompromis, afsprake en quid pro quo. En hierdie politieke weg het nou doodgeloop.** In hierdie weg het ons, deur middel van ons politieke organisasie en sy stryd in die „King's Parliament" verkry wat te verkry was. Die verkryging van ons soewereine onafhanklikheid binne die Britse Ryk was die eindpunt van die politieke weg. **Meer as dit kan daar in die politieke weg en deur die „King's Parliament" nie verkry word nie.** Maar dit is nog nie die volle pond wat van die Afrikanervolk afgeneem is nie. Ons het ook van Godsweë reg op ons volle pond en hoef nie met tien sjielings tevrede te wees nie. Maar deur die „King's Parliament" en „Government" van Suid-Afrika kan ons nie meer as tien sjielings van ons pond terugkry nie.

**Maar gesien dat ons van die „King's Parliament" niks meer kan kry as soewereine onafhanklikheid binne die Britse ryk nie, het die tyd nou gekom dat ons volk moet afsien van die politieke weg en van sodanige deelname. Indien die H.N.P. vandag 'n meerderheid sou kry, wil die Afrikanervolk beslis geen nuwe Nasionale „King's Government" nie met genl. Smuts as leier van „His Majesty's opposition," maar hy wil beslis 'n vrye, onafhanklike republikeinse staat, los van Engeland.**

Indien daar nou 'n Nasionale Komitee in die lewe geroep word, volgens die suggestie van dr. Malan, **moet hand aan hand daarmee gaan verbreking van alle deelname aan die „King's Parliament" in Suid-Afrika en weiering om iets te doen te hê met die Britse Koning se regering in Suid-Afrika en om langs die politieke weg in enige opsig daardie regering behulpsaam te wees om te funksioneer.** Die voorstel is nie dat die teenswoordige lede van die opposisie in die Parlement, nl. die lede van die H.N.P., die Afrikaner Party en die Pirowgroep, vir hul setels moet bedank nie, **maar dat van dr. Malan in oorleg met die ander, die woord moet uitgaan om, indien daar nog weer 'n sitting van die Parlement byeen geroep word, nie daar te verskyn nie en die Nasionale Komitee te erken as die liggaam wat die Afrikanervolk verteenwoordig.**

Ek besef dat dit van die teenswoordige Par-

### *'N EENHEIDS-OFFENSIEF*

Teenoor die O.B.-leër staan opgestel die leërs wat hom wil vernietig en die grofgeskut van sy vyande spu oorverdowend hul bomme op hierdie Afrikaner-vesting uit. Die aanvalle word gelyktydig en met dieselfde woede gedoen deur die United Party, die leiers van die H. N. Party, en die Kommunisteparty. Dis die groot Party-offensief teen die Afrikanervolksbeweging. Hul oorlogskreet is „Delg die O.B. uit!"

Dit is Demokrasie!

## UIT EIE MOND VEROORDEEL

„Ek het nooit kon dink dat nasionaalgesinde Pearston die Saptaktiek sou volg nie. Dieselfde mense wat in die verlede die spot gedryf het met die Sappe wat die Nasionale vergaderings nie wou bywoon nie, doen nou presies dieselfde en om dieselfde redes," het adv. Eric Louw sy verontwaardiging op 22 Oktober jl. op Pearston gelug omdat O.B.-lede nie aangetrokke voel tot sy vergaderings nie.

Op 25 Oktober is egter die volgende kennisgewing deur die party se taksekretaris op Alexandria rondgestuur (ons plaas dit woordeliks).

**„H.N.P. OF VOLKSPARTY — ALEXANDRIA**

'n Vriendelike dog ernstige versoek van ons wyksleiers dat alle groepleiers en lede van ons Tak nie die O.B. vergadering van 31/10/41 sal bywoon nie. **Hiervan moet elke lid in kennis gestel word.**

U dienswillige,

**Sam van Rooyen,**

Sekretaris."

25/10/41.

Nee leser, u oordeel te haastig! Dit is nie teenstrydig nie, ook nie 'n geval van die balk en die splinter nie. Adv. Louw se grief is reeds op **22** Oktober gelug en hierdie „dringende dog ernstige versoek" is eers op **25** Oktober uitgestuur, en plek en tyd maak darem 'n groot verskil aan 'n beginsel!

### *Internering*

Na die interneringskamp gaan hulle wat van politieke platvorms aangekla word dat „hulle rebellie beoog," 'n „republiek met geweld" wil verkry, ens.

Wie is die klaers? Lees die koerant-artikels en verslae van party-politici se toesprake en u sal weet wie hulle is.

### *Die O.B. staan vir:*

Positiewe Afrikaner-nasionalisme gegrond op Christelik-sosiale grondslag. Hy wil alle Afrikaners mobiliseer en saamtrek in 'n onverwinlike laer vir die nimmer-eindigende nasionale stryd onder die banier „Ek is my broer se hoeder." Daarom sweer O.B.-lede mekaar trou: „Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm. Ek sal hom nooit aan die vyand of vreemdeling uitlewer nie."

*Vervolg van vorige kolom.*


lementslede van die opposisie die offer sal verg van hul parlementêre toelaag van £700 per jaar. **Maar die groot volksaak is dit meer as werd.** Hulle bly volksverteenwoordigers maar weier om te fungeer as lede van die Parlement van die Engelse Koning in Suid-Afrika.

Indien hierdie weg gevolg word, is ek oortuig dat die teenswoordige geharrewar onder ons spoedig op 'n end sal wees en dat daar 'n soliede Afrikanerblok sal wees so gou as wat die H.N.P. en die A.P. met hul teenswoordige parlementêre verteenwoordigers afsien van die politieke weg waarlangs daar vandag niks meer vir die Afrikanervolk bereik kan word nie.

Ek meen dat die vorming van 'n Nasionale Komitee noodwendig opgevolg moet word deur die verbreking van alle deelname aan die parlement van die Britse Koning in Suid-Afrika. **Anders sal die Nasionale Komitee sy doel mis en 'n fopspeen word. Want as daar sodanige Nasionale Komitee gevorm word, maar die Afrikanervolk bly deelneem deur middel van Volksverteenwoordigers aan die Parlement van die Britse koning in Suid-Afrika, bly ons daardie Parlement erken as die wettige gesag en regering, en diskrediteer ons self daardie komitee as die wettige verteenwoordiging van die Afrikanervolk.**

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD
*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*
Beste Heersende Pryse.
*MINNAAR & VAN SCHOOR.*
Eienaar: Gustav Retief.

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.


Te Koop
MUILE
Jaar-Oud
Goedgeteelde jaar oud muile teen billike terme.
VADER: Gaaf de Wet Stoedery, Driefontein Bredasdorp.
MOEDERS: English Hunters.
Doen aansoek by of skrywe aan
J. N. UYS
Brakkekuil, Heidelberg, K.P.

KOOP
AL U BENODIGHEDE
by
DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville.
Hoofweg, Durbanville.

Ons gaan trou. Ons, Jannie en Martjie. Ek gee aan elke bruidsmeisie 'n silwer BORSPELD met die VOORTREKKERWA (van Pieter Retief) daarop. Dit is nou 'n nuttige en blywende aandenking. Ek het dit van **TAFELBERG INDUSTRIEË**, Kohlingsstraat 16, KAAPSTAD ontbied. Ou vriend jy kan gerus ook aan hul skrywe. Hul maak ook allerhande rubberstempels, vra maar net.

*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*